

Die Christelike Vrou

Lééf die liefde



Amptelike mondstuk van die NHSV



Oktober 2020

Redaksioneel

Tye verander. Ons leer aanpas by nuwe omstandighede, leer nuwe dinge doen, leer dinge nuut doen! Ons ontdek kante en dinge van onself en ander wat ons moontlik nooit andersins sou weet as ons nie gedwing was nie.

Aan die ander kant: Hoe meer dinge verander, hoe meer bly hulle dieselfde. Ons moet steeds die beste maak van die lewe wat vir ons gegee is. Soms raak dinge waaraan ons gewoon is net 'n bietjie (of dalk baie) moeiliker. Tog moet ons dit steeds doen.

Ons kinders moet steeds grootword. Hulle moet leer – van hul eerste asemteug af – soos ons ook maar moes. Sommige kinders kan universiteit of kollege of ander instellings bywoon om daár te gaan leer, maar dit kos geld!

Dit is juis hier dat die NHSV kan help en waar ons al vir jare help. Die NHSV se Beurs- en Leningfonds sorg al vir baie jare dat ons Kerk se kinders kan gaan leer. Daar is talle mooi getuigskrifte wat ons al hieroor ontvang het: briefies van studente wat dankie sê vir die hulp, en artikels van afgetrede, professionele persone wat steeds dankbaar is.

Hervormde jongmense wat in 2021 wil studeer, moet nou aansoek doen vir hulp uit hierdie Fonds. Die sluitingsdatum vir aansoeke is jaarliks 15 November, dus moet hulle gou maak. Besoek die NHSV se webblad (<http://www.nhsv.org.za/>) vir meer besonderhede, laai [aansoekvorme hier](#) af of kontak Rozelda Nel by admin@nhsv.org.za vir 'n aansoekvorm.

Hannelie



Bybel 200 jaar



By hierdie tafel in die kapel op die terrein van [Du Kloof Lodge](#) het stappers Bybels, ander geestelike leesstof en tydskrifte kom neersit voordat die stap begin het.



'n Virtuele stap of draf

Daar was 2 031 inskrywings. Mense van Amerika, China, die Verenigde Arabiese Emirate en in ons land so ver as Kaapstad het deelgeneem. Die inkomste daaruit was meer as R200 000.

Ons praat hier van die Bybelgenootskap van Suid-Afrika se virtuele draf of stap op 22 Augustus. As gevolg van die landwyse inperking kon daar nie een of twee groot stapgeleenthede plaasvind nie, maar mense van oraloor het in hul eie gemeenskappe kleiner byeenkomste gehou om geld in te samel vir Bybelverspreiding.

Mense het vir die virtuele geleentheid ingeskryf by <https://www.modernathlete.co.za/run-walk-for-hope-race/> om elkeen sy of haar deel te doen vir die projek om tweemiljoen Bybels te versprei.

Poppies en kinders vat hande

Hierdie inisiatief is gesamentlik aangepak deur die Algemene Diakensvergadering, Rata Maatskaplike Dienste en die Bybelgenootskap.

Kerk soos ons dit geken het, het onder die inperkings heelwat verander. Ons, die lidmate, is die kerk – die gebou is nie die kerk nie, en die verkondiging van die liefde van Christus kan nie beperk word deur regulasies en inperkings nie. As geloofsgemeenskap bly ons onderling aan mekaar verbind en kan ons steeds ons geloof uit leef en sigbaar maak. Die inperkings het ons egter gemotiveer om ons onderlinge verbondenheid op 'n andersoortige wyse sigbaar te maak, en daarom het hierdie inisiatief die lig gesien.

Takke en lidmate is versoek om deel te neem op die volgende wyse:

- Lede en hul gesinne sny mensfigure uit wat verbind is met mekaar om 'n menseketting te vorm. (Volg die skakel vir voorbeelde: <https://plesion.org.za/kinders-vat-hande/>)
- Skryf 'n Bybelvers op elke figuur. Bybelverse is volgens 'n bepaalde rooster toegeken. Die indeling volgens teksgedeeltes is gedoen volgens die Bybelgenootskap se leesrooster.
- Elke tak/gemeente neem 'n foto van hul menseketting en stuur die foto aan die ADV.
- Al die fisiese poppie- of takkettings is weer deur die Kommissie van die ADV ontvang om, saam met al die ander kettings, 'n groot kerkketting te vorm. Hierdie ketting is op sosiale media gedeel en kan hier besigtig word.

Die mikpunt was om 'n volledige stel kettings, waarop die hele Bybel dus oorgeskryf is, per geleentheid aan die Bybelgenootskap te oorhandig.

**Saam in diens
Ons dien, gehoorsaam aan God**



Kyk op die volgende blad na Gemeentes Paarl, Worcester, Kaapstad en vriende se stap in die [Du Toitskloof in die pragtige Bredekloof...](#)



WhatsApp, o WhatsApp...



WhatsApp, o WhatsApp...

Mev Elize Jones

Sannie stig 'n vriendskapsgroep en sy is die administrateur. Sy en Hannie kry stry en sy verwyder Hannie van die groep. Annie, Lanie en Danny is kwaad daaroor en verlaat ook die groep.

Uiteindelik maak Sannie en Hannie vrede, en Sannie plaas almal terug op die groep. Maar sy vergeet van Danny. Annie, Ilanie, Trienie en Minnie verlaat die groep... Sannie plaas hulle én Danny terug. Trienie eis 'n verskoning. Fienie maak 'n opmerking. Annie en Ilanie bly kwaad. Sannie verwyder hulle. Danny stig 'n nuwe groep met dieselfde lede – behalwe Sannie...

En jy wonder hoe jy op hiërdie WhatsApp-groep beland het.

Ken jy iemand wat nié WhatsApp het nie? Toe ek uitvind van WhatsApp wou ek dit hê! En almal wou hulle doodlag omdat ek nie eens geweet het wat 'n slimfoon is nie.

Uiteindelik kry ek toe 'n slimfoon én WhatsApp. Ek ontdek die wondere van klets met my familie, foto's ontvang van wat nou net gebeur het, snaakse video's en grappies. Ek ontdek emoji's en kan met een of drie prentjies my reaksie of gevoelens uitbeeld.

En toe kom Groepe. En as jy weer sien, is jy deel van nog 'n groep, soos dié wat inligting van jou kerk, jou werk, jou buurtwag en jou kinders se skool oordra. Kuiergroepe van families of vriendekringe.

Jy kry die werk se groep waar elkeen wat verjaar met 40 soortgelyke prentjies en boodskappe gelukkigewens word, en ál 50 lede op die groep dit kry. Een ouma stuur 'n foto van haar kleinkind, 30 boodskappe sê *oe* en *aa*, en tien lede stuur ook foto's van hul kleinkinders. Daar kom nog 30 maal tien *oe's* en *aa's*. (Dis 300...) In 'n vergadering raak mense heftig oor die werkgroep omdat almal nie reageer op die belangrike boodskappe nie.

Jy kry dieselfde grappie by drie van jou groepe. En op elke groep is daar lede wat reageer daarop met verskeie emoji's. Oor 'n week plaas iemand anders weer die grappie op die een groep, en weer eens lag die emoji's asof hulle dit nog nooit gesien het nie.

Dan is daar die groep waar 'n paar lede elke dag 'n goeiemôre-prentjie en 'n lekker-slaap-prentjie stuur. (*Vir persone wat alleen woon, is hierdie natuurlik 'n baie goeie ding, want dan weet lede die persoon is nog wel. Red*)

Jy het 'n tante wat op twee van jou groepe is, en by haar kry jy gereeld dieselfde grappie, foto of video drie maal. 😊



Jy kan nie meer foto's neem nie, want jou foon se geheue is te vol.

WhatsApp-groepe kan 'n groot frustrasie wees.

Gelukkig is dit nie nodig om WhatsApp van jou slimfoon te verwyder nie. Daar is hoop. Daardie hoop is in die drie vertikale kolletjies regs bo op die skerm wanneer jy 'n groep oopgemaak het.

Group info neem jou na 'n skerm waar jy kan sien wie op die groep is, en heelonder kan jy liggies op *Exit group* druk en jy is vry van die groep se drama. As jy dit per ongeluk druk, kontak die groep se administrateur en vra net hulle moet jou weer daarop plaas. Andri het haarself soveel keer per ongeluk *exit* dat ons haar outomaties begin terugplaas het op die groep.

Goeie nuus: Jou foon se geheue is nie te klein nie. Op jou groep se drie kolletjies tik jy op *Group media* en op die eerste foto of video wat jy nie soek nie, druk jy en jy hou jou vinger daar tot 'n regmerk verskyn. Dan tik jy op



WhatsApp, o WhatsApp...

Vervolg

al die ander ongewenste media tot hulle almal regmerkies het. Daarna kom die lekkerte van tik op die asblik bo-aan die skerm, en jy kan al die gemors weggooi!

En skielik kan jy weer jou eie foto's van jou kinders en kleinkinders neem en in jou foon se leë geheue bêre.

Die wonderlike woorde *Mute notifications* beteken jou foon gaan nie 30 keer in 'n ry jou luide boodskapklank maak... in die kerk... terwyl jy rooiwang jou foon in jou handsak soek nie... 😊

Tik op *More* en jy kan *Clear chat*. Dis vir die groep wat niks het wat jy wil bêre nie. Tik dit en die skerm is skóón. 😊

Daar is ook drie vertikale kolletjies regs bo as jy net jou WhatsApp oopgemaak het. Jy kan 'n nuwe groep stig en jy is die administrateur. Dis altyd goed om iemand op die groep saam met jou administrateur te maak, ingeval jy Andri is en jouself van jou groep afhaal...

Maar daar is 'n paar dinge wat jy van die begin af duidelik moet maak:

- Reëls vir die groep moet eerste uiteengesit word, en weer geplaas word elke keer wat iemand nuut op die groep geplaas is; dan herinner jy sommer daardie stouterds wat nie luister nie. Dis reëls soos tye (nie na 12 snags nie), tipe boodskappe (niks stout nie), goeie maniere (geen baklei of skinder nie) en dat jy van die groep verwyder kan word as jy nie die reëls volg nie.
- Wie boodskappe mag plaas, hang af van die tipe groep wat jy stig. Indien jy 'n inligtingsgroep stig waarop niemand onnodige boodskappe moet plaas nie, maak so: As jy die groep oopmaak, tik op die naam van die groep heelbo. Tik op *Group settings*, op *Send messages* en kies *Only admins*.

Die meeste van hierdie reëls is bloot goeie maniere. Onthou dat die persoon aan die ander kant van die boodskap ook 'n mens is.

Dink twee maal voordat jy daardie skrikwekkende video of stout grappie aanstuur op 'n groep. Dis beter om dit persoonlik te stuur vir iemand wat jy ken en wat jy weet dit sal geniet. Almal op 'n groep gaan dit nie waardeer nie.

Moenie op 'n groep 'n generiese *Happy birthday*-prentjie stuur vir jou vriendin nie; bel haar of stuur 'n privaatboodskap wat haar gaan laat voel jy gee om.





Almal stel nie belang in sewe foto's van jou hondjie nie.

Léés die boodskap op die mooi of oulike prentjie voor jy dit op 'n groep aanstuur. Stuur dit net as dit die moeite werd is, nie omdat die prentjie mooi of oulik is nie.

WhatsApp-groepe kán die moeite werd wees.

As ek my foon aansit en daar is tussen sewe en 62 nuwe boodskappe op my familiegroep, weet ek dat my gesin nonsens praat, mekaar terg, woordspelings maak en baie snaaks is. My familiegroep is my gunsteling.

Ai, WhatsApp, soms kan ons nie mét jou nie, maar ons wil nie sónder jou nie!



Tannie San se beetblatjang

Hannelie Botha / San Koch



(Lewer 1,4 liter blatjang)

Ons het almal mos maar ons beproefde resepte wat soms van dié na dááí oorgedra is. Een so 'n resep wat ek ongeveer 18 jaar gelede by 'n geliefde suster in die gemeente gekry het, is vir beetblatjang.

Ek dink dit was die vars, skoon, plattelandse lug en rustige (toe nog!) lewe wat my genoop het om tog maar die resep te probeer: eers so half tentatief, en toe al hoe meer seker van myself. Later het ek so oulik reggekome met die resep, dat ek sommer bottels en bottels vol gemaak het en dit in 'n ouderling se plaaswinkeltjie gaan verkoop het. Verbeel jou, dat ék, wat nou nie juis bekend is vir my kookkuns nie, iets kan maak wat ander mense sowaar koop! Selfs meer as een persoon wat voet by stuk gehou het dat hulle nie beet eet nie, het later van die blatjang by my bestél!

Dit is 'n heerlike gereg en glad nie moeilik nie. Probeer dit gerus!

Bestanddele

- 500 ml (2 koppies) wit asyn
- 750 ml (3 koppies) suiker
- 6 x 250 ml (6 koppies) gaar beet, geskil en in blokkies gesny
- 2 groot uie, fyngekap
- 15 ml (1 eetlepel) kerriepoeier
- 45 ml (3 eetlepels) mielieblom, aangemaak met 'n bietjie water
- 5 ml (1 teelepel) sout

Metode

1. Meng die suiker en asyn in 'n kastrol.
2. Verhit oor lae hitte en roer tot suiker opgelos is voor dit kook.
3. Bring tot kookpunt en voeg beet en uie by.
4. Laat prut 10 minute lank.
5. Voeg kerriepoeier en sout by en prut nog 5 minute.
6. Voeg mielieblom by en kook goed deur.
7. Skep warm mengsel in skoon, gesteriliseerde (sommers in kookwater is goed genoeg) flesse en maak toe.



Medewerkers aan hierdie uitgawe:

Ds Hannelie Botha (redakteur), mev Elize Jones, diak Wilna Gates

Taalversorging: Tessa Oppermann

Foto's vanaf www.Pixabay.com tensy anders vermeld. Ander grafika van www.flaticon.com
Indien jy nie meer *Die Christelike Vrou* wil ontvang nie, stuur asseblief 'n e-pos na admin@nhsv.org.za

 www.nhsv.org.za	 Posbus 111, Worcester 6849	 diechristelikevrou@gmail.com
 diechristelike	 Christelike Vrou	 082 923 9439

Die opinies van rubriekskrywers weerspieël nie noodwendig die oortuigings en standpunte van *Die Christelike Vrou* se redaksie of die NHSV nie.